

N.G. Kerk Fochville-Noord

Mei 2020

Voluit vir Christus

Met my hele hart in 2020



JOU NUUSBRIEF IN GRENDELTYD OM TUIS TE GENIET

Jy is deel van ons familie

**Geniet die nuus van jou familie in die
gerief van jou huis op jou eie foon.**

Vars nuus met liefde

Ons Boodskappertjie se doel is om vir jou vars nuus van ons gemeente te gee.

Ons wil die Here se liefde op skrif met jou deel soos die beste nuus uit 'n koevertjie wat jy vandag tuis ontvang.

Boodskappers was van die begin af vir die Here baie belangrik.

Hulle het die Evangelie van “mond na oor” en so van “hart na hart” gedra. Vandag is ons geseën met die sosiale media wat ons help om lekker van hart tot hart te kan gesels.

Geniet die Boodskappertjie.

Elke woord is geskryf uit harte wat vol is met die Here Jesus se liefde.



2

Die Kerk is oop?

Is die kerk regtig oop?

Toe ons die aankondiging van die President hoor dat kerke oopgemaak word vir godsdienstige byeenkomste was ons bly en dankbaar. Opgewonde het ons as Leraars begin beplan.

Toe ons egter mooi na die wette kyk en al die voorskrifte het ons besef dat die kerk nie regtig oop is vir Eredienste soos ons dit ken nie. Daar kan nie regtig “koinonia” wees nie.



‘n Erediens is die “Gemeenskap van die Gelowiges” of “Koinonia”. Dit is waar alle gelowiges wat wil bymekaar kom en waar ons saam die Here kan loof, na Sy Woord luister, mekaar in liefde versterk en saam in die teenwoordigheid van die Here verkeer.

Nou mag net sommige saamkom en hulle mag nie sing of met mekaar gesels nie. Wat bly dus oor van die Koinonia?

Die Diensbestuur het op Sondag 31 Mei vergader en na die aanbevelings van Goudland Sinode se Dagbestuur gekyk en toe besluit dat ons nie ons kerk gaan oopstel vir byeenkomste van 50 persone nie. Ons sal die situasie dophou en ‘n ander besluit neem wanneer omstandighede verander.

Die redes is as volg:

1. Hoe gaan ons besluit wie toegelaat word en wie nie kan kom nie.
2. Die wet stel dit duidelik dat lidmate bo 60 en almal met ‘n onderliggende gesondheidsprobleem aangeraai moet word om tuis te bly.
3. Ons is lief vir ons lidmate en wil hulle nie onnodig blootstel en in gevaar stel deur byeenkomste te hou nie.
4. Ons glo dat die meeste van ons lidmate kan inskakel op Facebook of op ons webblad om so die boodskap te kry.
5. Ons kerkraadslede en leraars sal aanhou om met al ons lidmate kontak te hou en hulle geestelik te versterk.

Liefde, Die Diensbestuur.

Ons plaas die maand 'n kort opsomming van die Pinksterreeks wat uitgesaai is. Lees lekker en dink weer oor die groot waarhede.

Pinkster 2020: Dink helder, kind van God!

'n Kort oorsig van die hoofpunte

1Pet 1:13 Wees daarom verstandelik wakker en nugter, en vestig julle hoop volkome op die genade wat julle deel sal word by die wederkoms van Jesus Christus.

Dink helder oor kerkwees

Ek het 'n kerkfamilie nodig om my te help om:

1. My lewe om God te sentreer deur lofprysing en aanbidding.
2. Met ander gelowiges te konnekteer deur gemeenskap.
3. My te help groei na geestelike volwassenheid deur dissipelskap.
4. My te help om terug te gee deur bediening.
5. My te help om God se liefde te kommunikeer deur evangelisasie.

Dink helder oor jou probleme

1. As jou situasie neerdrukkend is, dink aan die goedheid van God.
2. As jou situasie oorweldigend lyk, dink aan die grootheid van God.
3. As jou situasie donker is, dink aan die nabyheid van God.

Dink helder oor stress

1. In situasies wat jou standarde beproef:
 - Doen wat reg is!
 - Vertrou God vir jou toekoms.
2. In konfliktsituasies:
 - Verander jou fokus. Ag die ander een hoër as jouself.
 - Sit 'n wag voor jou mond.
3. In situasies van kompetisie:
 - Hou op om te vergelyk.
 - Onthou God se onvoorwaardelike liefde.

Dink helder oor seks

1Tess 4:3 "Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid."

1. Verbind jou aan God se standaard.

God se Standaard:

Seks is net vir 'n vrou en 'n man aan mekaar verbind in 'n huwelik!

2. Bewaar jou gedagtes.
3. Vermy geleenthede vir sedeloosheid.
4. Beklemtoon die gevolge.

DIE PAD TERUG NA REINHEID

1. Bely Ps. 51:1-10
2. Ontvang vergifnis Ps. 32:1-5
3. Herfokus en vervang Rom. 13:13-14
4. Vra elke dag hulp 1 Kor. 10:13

Dink helder oor finansies

Luk 16:11 "As julle dan nie betroubaar is in die hantering van die oneerlike mammon nie, wie sal die ware rykdom aan julle toevertrou?"

- I. Verdien jou eie lewensonderhoud. Beginsel van werk.
- II. Vereer God met jou offergawe. Beginsel van tiende.
- III. Beplan jou uitgawes. Beginsel van begroting.
- IV. Spaar vir die toekoms. Beginsel van belegging.
- V. Geniet wat jy het. Beginsel van tevredenheid.

Dink helder oor die toekoms

1. Jou toekoms op aarde.
 - Jy **het** 'n toekoms!
 - Moenie vrees nie.
2. Jou toekoms in die ewigheid.
 - Dit word hier op aarde bepaal.
 - Geen aardse lyding, pyn of onreg kan daarteen opweeg nie.
 - Niemand kan jou daarvan beroof nie.

Ons maak kontak al is ons nie saam nie...

Ek het die voorreg gehad om die afgelope maand 14 telefoonkonferensies te hou met die Leraars in elke ring van Goudland Sinode.

Die doel van die konferensies was om te hoor hoe dit gaan in die grendeltyd met ons gemeentes en met die leraars en hulle gesinne.

Ons was aangenaam verras om te hoor hoeveel mooi planne kerkrade gemaak het om kontak met hulle lidmate te behou.

Ons eie gemeente kan ook daarvan getuig dat die Here op wonderlike wyses voorsien al is daar baie van ons lidmate wat in die grendeltyd nie 'n inkomste kry nie en ander wat selfs hulle werk verloor het.



Systap daardie dodelike twee

Jy ken daardie dodelike twee. Ek praat van daardie twee woorde: “WAT AS..?” “Wat as daar nie gou 'n teenmiddel teen die korona virus gevind word nie?” “Wat as ek ook alles gaan verloor in hierdie tyd?” “Wat as laer vlakke van grendeltyd nie binnekort aanbreek nie?” “Wat as die onderwys in duie stort; misdaad toeneem; kerke liberaal word...? Te veel mense bou hulle lewe op sulke “wat as” of “what-if” scenarios. Hoe meer jy egter met negatiewe scenarios soos hierdie werk, hoe meer wen bekommernis en onsekerheid in jou lewe.

Natuurlik mag jy vrae oor die toekoms vra. Natuurlik mag jy saamgesels oor die koronavirus en ons almal se toekoms. Maar dit is dwaasheid om al jou besluite en jou emosies te begrond op slegte projeksies. Of om al jou energie te mors op duisende opinies en gerugte rondom jou. Of om opstokers, gerugte-verspreiders en hooploses as meningsvormers in jou lewe toe te laat. Selfs al bou ander mense hulle lewens op sulke “wat as” fondamente, jyself doen dit nie. Jy kyk op na die Here.

Jou geloof maak jou lewe nie moeilikheid-vry, of probleem-immuun nie. Nog minder maak dit dat jy jou oë of jou ore toedruk vir alles wat rondom jou gebeur. Maar jou geloof maak wel dat jou lewe nie afhanklik is van jou omstandighede nie. Of van ander se keuses en gedrag nie. Jy volg die Here. Jy volg Hom in groen weivelde en deur doodsvalleie. Jou keuses word nie geskoei op “WAT AS” scenarios nie, maar op ‘n “HY IS BY MY” realiteit. Jy vertrou Christus met jou hele lewe. Jy weet dat Hy belowe het Hy is by

ons al die dae van ons lewe (Matteus 28:19-20). Christus is jou hoop. Hy is jou lewe, Hy alleen. (oorgeneem uit E Kerk van Stephan Joubert)

Hekel Projek

Luana Lensley en Antoinette Humna het 'n spesiale projek begin om lappies te hekel vir kniekomersies.

Kyk bietjie of jy nie kan deel word van die mooi projek nie.

BLOK DIE KOU!

LIEWE DAMES EN MANNE WAT KAN HEKEL / BREI...

Meeste van ons het 'n wolletjie of twee wat nie regig lank genoeg is om iets mee te maak nie. Wel ons het 'n spesiale plan vir daardie wolletjie!

Ons wil graag met 'n jaarlikse projek begin waar ons 20/20 cm blokke hekel of brei van enige kleur, dan aanmekeer werk en so 'n kniekomersie vir ons oumensies maak.

Soos die blokke klaar is kan u dit by die volgende adresse aflaa:

Antoinette Human
Iris laan 3
083 659 9374

Lüana Lensley
Aster laan 2
082 495 3156



Versprei asb onder u vriende!
Dankie.

Ons twee Suzette(e) wat dien

Fochville-Noord is bevoorreg dat ons die twee Suzette(e) in ons gemeente het wat baie spesiale mense is.

Suzette de Beer neem leiding as sekretaresse by ons Uitreikaksie – Edaneg. **Suzette Oosthuizen** (maatskaplike werker) neem leiding by die SAVF met wie ons ook saamwerk om kospakkies te versprei en die sopkombuis te beman in die dorp. Ons het vir die twee Suzette(e) gevra vir 'n bietjie inligting vir ons lidmate wat so mooi bygedra het in Pinkstertyd vir die werk wat ons na buite doen.

Suzette de Beer van Edaneg:

In hierdie Covid lockdown het ek weereens ons groep se liefde vir hul medemens ervaar. Met God se genade kon ons baie mense bereik in hierdie moeilike tyd. Kos, klere en ander donasies is ontvang wat ons gehelp het om na baie mense uit te reik.. Ons is nou al in die 3de maand van “lockdown” en kan ek sê dat ons steeds tot 4 gesinne per week versorg. Sonder om te vra ontvang ons en daarom deel ons met baie liefde uit aan ander.





Van die kos wat voorberei word en verpak word sodat mense in nood dit by hulle huise kan gaan gaarmaak en geniet.
Daar word baie mense gehelp wat regtig swaarkry in die “grendeltyd”



Met Margaret de Vos en haar span by Huis Liefde probeer ons om soveel moontlik mense te voorsien van klere en komberse.
My dank aan haar en haar span.
Die pad is lank en onseker en sal ons sover moontlik probeer om elkeen in nood te help.
Een van ons groot projekte is om Hebron Opheffings Oord naby Potch te help. Hulle huisves tans plus minus 120 mense en kon ons hul help met vleis en groente in die eerste 3weke van lockdown.
Dankie Alta Swanepoel vir jou reëlings daar.
Dankie vir al die ander lede van Edaneg op wie se knoppie ons enige tyd kan druk om te kom help.

Suzette Oosthuizen SAVF

Geen virus kry ons onder nie..

Met goeie mense word alles weer goed...

Na wat aanvanklik gelyk het na iets wat ons wou onderkry het die Here dit kom omswaai in trokke vol seën. Ek het altyd geweet dat daar iets anders is in die gemeenskap van Fochville, maar nou het my oë dit gesien en my hart dit uitgejubel.

Met meer as 100 navrae in een week, net na die inperking begin het, van mense wat honger is, het ek besef die nood is groter as net die paar pakkies tot my beskikking. Ek het gebid dat die Here soos jare tevore ook die broodjies en vissies wat ek het moet meer maak sodat almal daarvan kan eet.

Met ‘n visie van iets wat meer moes raak met min, het die sopkombuis idee posgevat. Ons kon honderde mense so help! En ons het. Ons moes ‘n verspreidingspunt kry, bestanddele, mense wat help sop gaarmaak, sorg dat ons aan al die inperkings regulasies voldoen van sosiale afstand hou in rye, koors neem en maskers dra. Soms gedreig met arrestasies en toemaak. Gelukkig is die SAVF n geregistreerde welsynsorganisasie waarvan kos voorsiening aan gesinne in nood, deel is van ons kern werksaamhede en het die Sopkombuis oopgebly. Dit was die Here se voorsienigheid.

Soms voel ek soos ‘n toeskouer wat net God se goedheid beleef. Manne met bakkies wat donasies aanry, vroue wat skarrel om brood te smeer en verpakings te doen en sop uitdeel vanuit verskillende gemeentes. Gemeenskapmense met ‘n hart vir ander. Vir hulle is die genesing en seën in hul samesyn en... om ‘n doel te hê om ander te kan help. Nog ander wat die rye reguleer vir afstand en ander wat hande saniteer. CPI wat klokslag opdaag om ‘n handjie te kom bysit en soos altyd op hul pos om ons veing te nou.



Ek onthou die gesigte in die ry... sommige verleë, ander bly en nog 'n paar vol dankbaarheid. Hul oë is moeg, dalk die bang vir môre of sommer net oor nagte se wakker lê. Hoeveel moed vat dit om kos te kom soek. Ek sien die mamma wat stil in die ry kom staan en haar kinders se name opgee... en ek weet sy's hier vir hulle, nie vir haarself nie. Die kinders in die ry gryp my aan die hart. Ek ontvang hulle vriendelik, maar sien hoe een skaam agter sy mamma se hand inskuif. Wens ek kan jou optel en druk, maar Covid – 19 sê ek mag nie... ek weet hoe jy dit nou nodig het. Ek sien die geboë lyf van 'n bejaarde man wat sakkie in die hand in die ry sleepvoet aanskuif.



Daaglik word daar tussen 80 en 120 mense by die sopkombuis gehelp, en nes ons dink die voorraad raak op dan stuur die Here weer die manna. Sy kinders het lankal reeds geleer dat as ons saam kan staan is ons soveel sterker en as God dan vir ons is, wie kan teen ons wees. Met goeie mense, word alles weer goed. Dankie vir almal wat hande gevat het met die maatskaplike werkers van die SAVE, ons kom sê dankie namens hulle wat kon deel in julle gee. Saam verander ons lewens. Spesiale dankie aan al die donasies wat ons ontvang het vanuit NG Fochville Noord gemeente. Mag die Here ons gemeente seën en suksesvol maak in alles wat ons aanpak!


Liefde
Suzette Oosthuizen

Hoe gaan dit met ons dienste en dagstukkies


Len de Villiers plaas elke dag die Dagstukkies en Marina se stories op die webwerf van ons kerk.

Hy het vir ons bietjie gekyk hoe dit gaan met ons preke van die grendeltyd begin het asook spesiaal in Pinkster.

Baie dankie vir die werk wat Len doen.



Die tabel wys mooi hoe geseënd die boodskappe was in Pinkstertyd. Indien 'n mens in ag neem dat by baie plekke daar meer as een persoon na die preek kyk dan kan die meeste op meer as 8 000 wees en die minste dalk steeds 'n 1 000 mense wat die boodskap in Pinkster gehoor het. Baie dankie aan Ds. Pieter wat die hele Pinkster aangebied het. Dankie vir Len wat vir ons boekhou van die getalle.



Die Preke buiten Pinkster se getal kykers lyk ook baie goed. Die getal wat uitstaan is die aand met ons Hemelvaartdiens toe 9 119 keer gekyk is. Neem mens in ag dat daar meer as 1 per plek gekyk het kan dit dalk 'n baie groot getal wees.

FAMFEST 2020 is op dreef

Baie dankie aan al ons ouderlinge wat reeds hulle lyste ingegee het.

Dit lyk baie goed op die lyste.



Baie dankie aan al ons lidmate vir mooi beloftes. Ons besef daar is lidmate wat tans swaarkry en nie kan bydra nie.

Die wonderlike van ons FAMFEST is dat dit vir elkeen 'n geleentheid gee om dan later met jou hande steeds iets vir die Here te doen.

Volgende maand sal ons hopelik meer inligting oor ons Basaar gee. Die belangrike is om nou te weet die basaar gaan plaasvind. Ons sal net sien hoe hy gaan lyk.

Dankie vir almal wat hard werk en saam met ons bid en beplan vir die fees.

Dit is in die Here se hande en dit is vir Hom wat ons dit doen.



Sommer net 'n paar lusmakertjies vir ons Famfest wat op dreef kom. Ons het 'n gemeente met baie talente wat die Here aan hulle gegee het en hulle gebruik dit mooi.



Die Here se seën in die natuur

Mens is so bang dat ons lidmate vergeet om steeds om hulle te kyk en raak te sien wat die Here alles vir ons in die natuur doen. Gelukkig met al die slegte nuus van Covid 19 is die verhaal van die natuur vanjaar 'n mooi verhaal van groot seën.

Ons boere is besig om te oes. Die afgelope tyd het ek met al die gemeentes in Goudland Sinode geskakel en al ons plattelandse gemeentes getuig net van hoe geseënd die oeste is na 'n jaar van mooi reën.

Ons wys graag 'n paar foto's wat een van die boere op my versoek gestuur het. Liefde Ds. Johan

